'Kroontjie'

G.J.du Preez 072 1876 076

2.

Die 'kroontjie' van die Adamiet

Die kroontjie op die kop van die Adamiet is 'n belangrike punt om te bespreek, want dit is 'n werklike opening of deur tot die siel van die mens. Net in kort 'n vraag of twee. Waar is die siel in die menslike liggaam ? Waar is die siel se kernpunt in die liggaam ? Is die siel verbind aan die liggaam ? Is die siel die "mens" in die liggaam ? Is die siel verbind aan die gees wat ook woon in die liggaam ?

Die antwoord begin by die liggaam. Die liggaam is die herberg van lewe binne hom. Die herberg wat 'n tydelike huisvesting verteenwoordig is soos 'n aardse liggaam. Dit het 'n kantoor waar alle beheer uitvloei. Die herberg het 'n klompie gange wat gebruik moet word om by die kamers uit te kom. Die gange is oop lokale wat nie gesluit word nie. Alle inwoners het vrye toegang tot daardie lokale. Die kamers is weer geslote vertrekke waar slegs die herbergier of die tydelike huurder toegang het. So kan daar groter lokale wees soos 'n eetsaal of sitkamer ens. waar almal weer vrye toegang het.
Nou die siel(herbergier)het toegang tot alles binne in die liggaam, want die siel is aan die bloed verbind,(Lev.17:14)waarvan die bloed van die kroontjie tot die toontjie is.
Van die brein(kantoor)van die mens(herberg)deur al sy are(gange)en elke orgaan(*eetsaal en sitkamer*). Wat belangrik is om te weet as daar nie inwoners is in die herberg nie, is daar doodse stilte(*geen lewe*).
Soos ons kan sien moet daar bloed in die are wees, maar die bloed moet gevul wees(*kom ons sê lug moet ingeasem word deur die herbergier terwyl hy deur die gange stap van kamer tot kamer*). Ons lees in Lev. dat die bloed reeds die siel(*herbergier*)besit, maar wat van die gees ? Dit moet ook teenwoordig wees anders is daar nie lewe in die liggaam(herberg)nie. Daar moet gees(*inwoners*)in wees anders is die liggaam*(herberg)*leeg en stil(*sonder lewe*). Met gees(*inwoners*)kom baie na vore soos emosies, gevoelens, begeertes, liefde, ens.

In Gen 4:10 lees ons van die stem van die bloed. Die bloed is soos die liggaam 'fisies en tasbaar' waarvan beide van hulle die huisvesting is van lewe binne in hulle. Baie praat van dat die mens uit Liggaam, siel en gees bestaan, maar in 'n nouer konteks kan ons sê: bloed, siel en gees. Die liggaam is slegs die houer(*herberg*)waar organe(*kamers*)en vesels(*gange*)in woon. Die bloed van alle lewe op aarde(*mens en dier*)is nie verskillend van mekaar nie, maar as bloed in klasse in gedeel word soos rein en onrein dan moet ons weet dat binne in die rein bloed 'n siel moet wees. Soos die rein diere met 'n siel binne in hulle is gebruik as offergawes as versoening nie onrein diere nie, want hulle het nie 'n siel binne hulle nie (*lewende siel nie*).

Om by die volgende bloed uit kenning te kom moet ons gees byvoeg. Ons het nou bloed sonder siel en bloed met siel. In die Skrif lees ons in Mal.2:15 *Het Hy(YAH)dan nie een mens gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? En waarom die een? Hy het 'n geslag van ~~God~~ VADER gesoek. ..* Dus het YAH 'n bloedgroep uitverkies wat 'n siel besit en Sy gees in daardie bloed geblaas. Nou weet ons meer oor die bloed wat alleman in almal wil plaas wat volgens Skrif nie so kan wees nie.

Johannes sê ook in *1Joh. 4:13 Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons, dat Hy ons van Sy Gees gegee het.* M.a.w. Mal.2:15.
1Pet 2:9 Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n ~~heilige~~ reine volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot Sy wonderbare lig,
*1Pet 1:2 uitverkore volgens die voorkennis van ~~God~~ VADER die VADER, in die ~~heiligmaking~~ reiniging van die Gees, tot gehoorsaamheid en besprenkeling met die bloed van ~~J*sus Christus~~ YAHUSHA dié Nasaréner: Mag ~~genade~~ guns en vrede vir julle vermenigvuldig word!*

Kom ons gaan nou eers weer terug na die liggaam(herberg stelling). Die bloed word gebruik deur die siel tot versoening met VADER deur SY Gees as 'n stille verteenwoordiger. Versoening met VADER is deur bloed. Dus het bloed 'n baie groot funksie. Kom ons dink terug aan die ouvolk: As dit nie vir die bloed was van offers nie kon die volk nie versoen geword het met VADER nie.

Reg soos ons nou kan sien die belangrike doel van die bloed in die mens. Nou besef ons ook dat die siel nie gesien kan word nie, so kan ook gesê word van die gees dat dit ook nie gesien kan word nie. Wat interessant is dat die een die ander nodig het. Die siel wil die behoefte van die tydelike vervul waar die gees die ewiglik wil vervul.

Nou kom ons by die uitwysing waar die kamers of bron van beheer is van elk van die bloed, siel en gees. Soos ek bo uitgewys het moet die bloed tot alles binne jou liggaam toegang hê. Dus is die bloed alomteenwoordig wat na gekyk moet word. Dit moet opgepas word dat daar nie verbastering (*bloedoortapping*) intree nie. Bloed het sy intrek by elke orgaan gemaak. Bloed se stoel staan in al die kamers van die liggaam en dit sluit die hart en verstand in.
Die siel wat aan die bloed verbind is se kantoor is binne in die verstand (*brein*), want in die brein is daar 'n klein kamertjie waar die hele liggaam se opdragte gaan "en so die liggaam beheer".

Die gees se kamer is die hart. Soos die siel wat in die bloed oraloor verteenwoordig word 'doen die gees netso', maar met die verskil dat die gees 'latent' is. Kom ek noem dat dit 'n klomp lugblasies is waar 'n saadjie in lê. Daardie saadjie is latent tot en met wakker-wording en vervulling.

Ons kom nou by die kroontjie. Met studie sal jy sien in die Skrif dat alle gesalfdes olie ontvang bo op die kop. Nie op die voorkop soos die Rooms-Katolieke maak nie, maar wel op die kroontjie op die kop. *Lev. 14:18... moet hy stryk op die hoof van hom wat gereinig word. Lev. 14:29 Wat dan oor is van die olie wat in die priester se hand is, moet hy stryk op die hoof van hom wat gereinig word, om versoening vir hom te doen voor die aangesig van ~~die HERE~~ VADER. 1Sam. 10:1 En Samuel het die kruik met olie geneem en dit op sy hoof uitgegiet en hom gesoen .....2Kon. 9:3 neem dan die kruik met olie en giet dit op sy hoof .... 2Kon. 9:6...Toe giet hy die olie op sy hoof uit Ps. 133:2 Dit is soos die kosbare olie op die hoof, wat afloop op die baard, die baard van Aäron, wat afloop op die soom van sy klere.*

Soos jy bo kan sien uit die Skrifte word al die manne gesalf (olie) op die kop waar die kroontjie is. Hoekom ? Omrede die kroontjie die deur is tot die Liggaam. Die kroontjie is die deur tot die kantoor in die brein waar die siel vanaf werk.

Ek het bo uitgewys dat die latente gees in die bloed teenwoordig is, en ook dat die geestelike 'borreltjie'(met die saadjie)gevul moet word, en dit kan slegs van VADER kom.
Om weer gebore te kan word is belangrik om te verstaan. Kom ons vat *Joh. 3:3 ~~J*sus~~ YAHUSHA antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van ~~God~~ VADER nie sien nie. Joh. 3:5 .... as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van ~~God~~ VADER nie ingaan nie. Joh. 3:6 Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees*. Vers 3 waarsku ons dat ons weer gebore moet word. Vers 5 bring meer lig op die waarskuwing in vers 3 nl.: uit water en Gees. Vers 6 breek die twee belangrike punte tot die koninkryk van VADER op en bevestig dat daar 'n vleeslike en 'n Geestelike is.

Hier is die antwoord; Daar is niks op aarde wat tans leef wat nie uit water gebore is nie. Ja van 'n insek, dier tot die mens is uit water gebore. Die tweede is die Gees met hoof letter 'G'. Die geboorte van bo is slegs die wat dit kan ontvang (Mal.2:15). Geboorte van bo kom ook slegs van VADER en nie van die Seun nie. As jy van bo gebore word kom dit van VADER 'van bo'. HY sal jou deur (kroontjie) gebruik as jy dit vir HOM oopmaak.

Dink gou terug die dag toe jy gedoop(onderdompeling)was. Die een wat jou gedoop het, het hy jou gedoop in die Naam wat VADER daar gestel het vir ons nl.: ' YAHUSHA' *Hand. 2:38 En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van ~~J*sus Christus~~ YAHUSHA dié Nasaréner tot vergewing van ~~sondes~~ Wetsoortredinge, en julle sal die gawe van die ~~Heilige~~ Reine Gees ontvang.*

*Hand. 8:16 want Hy het toe nog op niemand van hulle geval nie, maar hulle was net gedoop in die Naam van ~~die Here J*sus~~ Meester YAHUSHA. Hand.8:37 Toe sê Filippus: As u glo met u hele hart, is dit geoorloof. En hy antwoord en sê: Ek glo dat ~~J*sus Christus die Seun van God~~ YAHUSHA dié Nasaréner die Seun van VADER is.*

Ek gaan oor na die salwing:
Is jy na doop gesalf (*uitwassing van wetsoortreding*)? Indien ja Hoekom? Omrede die salwing ontsettend belangrik is. Eerstens word die liggaam voorberei en skoon gemaak met die uitwassing van oortredinge, maar die salwing (*olie*) is die voorbereiding en skoonmaak vir die ontvangs van die "Gees" van VADER! (*Dié "GEES" van VADER is YAHUSHA*) Ons moet besef dat VADER se Gees binne jou are moet vloei. Soos ek noem van die doop wat belangrik is, maar die Gees voorbereiding is baie belangrik.
Interessant dat die Jode en die Moslems die hoed en lap op die kop sit; Hulle ontken ons VADER en die geboorte van bo; Daarom maak hulle die deur toe met bedekking en skuif die deur soos die Hindoe na die voorkop!

*Gen 6:3 Toe sê ~~die HERE~~ VADER: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd en twintig jaar(*Die dekreet is in die jaar 666 na Adam in Henog se tyd uit geroep wat 120 jaar maal 50 Jubeljare plus 666 = 6666 jaar tot op wederkoms).
Hoor julle die voorreg wat ons het uit die vers "dié Gees van ons VADER heers binne-in die wat dit toelaat (Wat *graag YAHUSHA in hulle wil hê*).

Nou weet ons dat die uitverkore in besit is van VADER se Gees (YAHUSHA) wat ons gemeenskaplik besit (*latent in sommige*). Wat nou opgepas moet word is die Gees wat in jou is (YAHUSHA) nie latent moet bly tot die dag as jy te strewe kom nie. Daarom laat toe dat jy gesalf word my vriend; Laat die deur (*kroontjie*) oopstaan vir VADER om jou die geboorte van bo te skenk (*Die ontvangs sal in die 1000jaar van vrede wees*)Ps.133:2; Pre.9:8; Luk.7:46. Prediker sê in *9:8 Laat jou klere altyd wit wees, en laat olie op jou hoof nie ontbreek nie.*
Sorg dat jy skoon is "in en uiterlik" en laat jy gesalf (olie) word. Sorg dat jy as uitverkore jouself salf in die môre sodat jy kan wandel met YAHUSHA gedurende die dag. In gereedheid moet jy wag vir daardie dag waarop die 1000 jaar gaan aanbreek van VADER dat jy die geboorte van HOM kan ontvang. .....

Ns.: Ons as Adamiete gee 'n blou glans af, want dit is VADER se Gees (YAHUSHA) binne jou wat dit veroorsaak. As die Gees (*saadjie ontkiem*) uit latentheid kom begin die glans van blou tot skitter wit–blou soos Moses se gesig. Ex.34:29 Strong verwysing H 7160; H 7161 Daar het blink strale uit sy gesig geskiet.

Deurdink dit so gou as moontlik, want die tyd is verstreke my vriend.